

God is aan die kant van die regverdiges

Jy het seker al 'n eier gevat en met 'n skerp voorwerp twee gaatjies daarin gemaak en die inhoud uitgeblaas. Dan lyk dit soos 'n eier, maar dit is inderwaarheid 'n leë dop. Dit lyk eg, maar dit het al sy inhoud verloor. So sê die digter is dit ook as God ons as mense vanuit die hemel een vir een deurkyk. Die mens is in God se oë 'n "leë kop" of 'n "dom" dwaas. Alle mense het 'n verstand van Hom ontvang, maar daar is niemand wat verstandig genoeg is om na Hom te soek nie. Daarom lyk dit of die mens eg is, maar sy hart is sonder inhoud. Hy weet dat daar 'n God is, maar hy aanbid God nie. Hy ontken liever God se "bestaan" of die werklikheid: God se reg oor sy lewe. Daarom doen die mens ook lelike en afstootlike dinge. Hy dink die dinge wat hy doen, is "cool", maar in die oë van God is dit nie goed of reg nie, want hy hou nie rekening met Hom as Heilige God nie. Die groot probleem met wat mense doen, is dat dit mooi kan lyk, maar dat hulle God glad nie daarmee eer nie. Hulle lewe is nie Godsdien nie, maar selfdiens. Hulle aanbid God nie.

Ek weet jy aanbid God, maar Paulus leer dat die psalm ook iets oor jou sê. Hy maak ons in Romeine 3:9 bewus daarvan dat almal in die mag van die sonde is, ook ek en jy. Ons is eintlik almal "leë kop"-mense, mense met 'n verstand maar sonder 'n hart wat die Here, wat ons geskep het, soek. Nie een van ons is regverdig nie. Daarom het die digter die een wens in sy hart (Ps. 14:7): "Ag, mag daar tog uit Sion vir Israel redding kom!" Die hartsbegeerte van die digter is vervul toe God sy Seun Jesus Christus in die wêreld gestuur het om ons as sondears te verlos. Uit genade is jy gered, deur die geloof as 'n gawe van God. Daarom vra jy weer na die wil van God.

Jy leef egter nog in hierdie wêreld en die "leë" koppe van mense het honger mae. Hulle eet die volk van God op asof hulle brood is. Hulle geniet dit om die kinders van God te verkleineer en te na te kom en bo-oor hulle te loop, maar jy hoef nie bang te wees nie. Al hulle planne teen jou as gelowige sal tot niks kom nie, want God is jou toevlug en Hy sal jou beskerm. Buitendien sal 'n verskriklike paniek en vrees die "leë hart"-mens oorval as hy die dag voor die Heilige God te staan kom. Dié dag is jou lot reeds deur Christus bepaal. Jy is 'n vrygespreekte kind van God en bestem vir heerlijkheid. Juig dan elke dag oor God se reddingswerk in Jesus Christus en dien die Here met blydskap.

Sing: Psalm 14:1, 6 (Psalm 100 se wysie)

Ds Daan Bakker (Boksburg)